Geagte Ouers

INSKRYWING 2012 – GRAAD 1 - 7

1. Dit is vir ons 'n voorreg om die Aansoek Pakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel. Klik op die Inskrywingspakket, druk al die betrokke dokumente (Toelatingsvorm, Debietordervorm, Finansiële onderneming, Visuele Siftings vorm, Vertroulike Inligting Re: Kind en Snoepwinkel vorm) uit. Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en bring dit na die inskrywingskantoor by die skool. Toelating sal slegs oorweeg word, sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is.

2. Die voltooide Aansoekpakket moet die inskrywingskantoor nie later as Woensdag, 10 Augustus 2011 bereik nie. Na hierdie datum word u kind se naam op 'n waglys geplaas. Indien u kind in ons skool aanvaar word, sal u skriftelik daarvan verwittig word, voor/op Vrydag, 16 September 2011.

3. Sou u buite die skool se grensgebied woon, sal u aansoek ook op 'n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan 'n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof en Oude Westhof**. Leerders op die waglys, sal teen Woensdag, 12 Oktober 2011 in kennis gestel word van aanvaarding in ons skool.

4. **Finansiële Verpligting**:

4.1 Skoolfooie (Skoolrekening): Die skoolfooie word jaarliks deur die Bestuursliggaam bepaal. Tans (2011) beloop dit R10 980 per leerder per jaar en is per debietorder, oor tien maande betaalbaar (1 Februarie – 1 November). Indien u die volle bedrag teen Vrydag, 03 Februarie 2012 betaal, kan u aanspraak maak op 'n korting. Die skoolfooie vir die jaar 2012 word bepaal op 'n Begrotingsvergadering, wat aan die einde van die jaar sal plaasvind.

4.2 Keuse- en Kostevorm (Trustrekening): Hierdie Keuse- en Kostevorm sal op Oriëntasiedag, uitgehandig word. Die heffings vir die Keuse- en Kostevorm sal aan die einde van elke jaar hersien word. Ouers word verplig om alle heffings vooruit te betaal deur middel van die skool se debietorderstelsel. Indien die heffings verander, sal u debietorder ooreenkomstig aangepas word. Ouers sal skriftelik van so 'n aanpassing in kennis gestel word.

5. Sou u aansoek suksesvol wees:
   Oriëntasiedag: Graad 1: Vrydag, 04 November 2011
   Graad 2 – 7: Dinsdag, 10 Januarie 2012
   Verdere inligting aangaande oriëntasiedag en die voorbereiding vir die nuwe jaar, sal deel uitmaak van u aanvaardingsbrief. Skool open op Woensdag, 11 Januarie 2012.

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u ooit sake rakende u kind met my wil bespreek, sal ek u met graagte ontvang.

Die uwe

S.R. Smith (Mev.)
Skoolhoof
Laerskool Kenridge